Beste Ouer

Denkvaardigheidstoets op 31 Oktober 2023

Denkvaardighede is kernbelangrik vir jou kind se suksesvolle toekoms. Internasionaal beklemtoon onderwys al hoe meer die ontwikkeling van denkvaardighede eerder as om kinders vir toetse en eksamens af te rig.

Die Skoleondersteuningsentrum (SOS) bied op 31 Oktober 2023 aan jou kind die geleentheid om deur jou skool 'n gratis Denkvaardigheidstoets (DVT) op Die Wolkskool te skryf. Die doel van die DVT is om aan jou as opvoeder insig en wenke te gee hoe om denkvaardighede by jou kind verder te ontwikkel.

Vir die DVT moet jou kind 'n Wolkskool-profiel hê en in graad 4-9 wees. Jou kind se skool is verantwoordelik om jou kind vir die DVT by ons te registreer, maar jy sal eers moet sorg dat jou kind 'n Wolkskool-profiel het. Indien jou kind nie reeds 'n Wolkskool-profiel het nie, kan jy dit deur die volgende stappe skep:

1. Gaan na https://wolkskool.co.za/sluit-aan
2. Kies "Leerder"
3. Verskaf naam, van, e-posadres[1] en wagwoord
4. Vul al die besonderhede in, bv. ID-nommer van leerder en ouer (vir POPI-doeleindes[2])
5. Kies graad (jy kan dit later verander)

Jou kind moet asseblief hul e-posadres en wagwoord onthou vir die 31ste Oktober 2023, wanneer die DVT by die skool afgelê word!

Daar is geen finansiële verpligtinge aan jou kant nie en jou kind se profiel sal tot 15 November gratis toegang hê tot alle Wolkskool-inhoud. Gebruik hierdie kans om hersiening vir die eksamen doen! HIERDIE VIDEO wys hoe die inhoud werk. Indien jy onseker is, raadpleeg gerus https://skole.co.za/wolkskoolvrae of stuur 'n e-pos aan wolkskool@skole.co.za.

Vriendelike groete

[1] 'n E-pos-alias kan gebruik word vir elke kind, bv. as jou as ouer se e-pos ouernaam@domein.com is, kan ouernaam**+kindnaam**@domein.com vir die kind gebruik word. Alles vanaf die + tot voor die @ word deur e-posverskaffers geïgnoreer.

[2] Die SOS het volgens wet jou as ouer se toestemming nodig omdat jou kind minderjarig is. Die SOS se bepalings en voorwaardes stipuleer duidelik dat jou besonderhede slegs vir bemarking mag gebruik indien jy daarvoor toestemming gee. By Wolkskool-inskrywings gee jy nie direk toestemming vir bemarking nie en dit is 100% in lyn met bepalings van die POPI-wet. Die SOS stuur daarom net inligting oor nuwe funksionaliteit van Die Wolkskool en stelselkennisgewings. Behalwe vir moontlike navorsingsdoeleindes word ouerdata vir geen ander doeleindes gebruik nie. Jy het volgens POPI die reg om vergeet te word en kan ook ter enige tyd die profiel verwyder. Geen bemarkingsdata word ook aan jou kind gestuur nie. Enige navrae kan gerig word aan wolkskool@skole.co.za of besoek inligtingsblad van Die Wolkskool.

012 612 0234
admin@skole.co.za
Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion
skole.co.za